

27 Januarie 2014

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:7-18**  
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:18 (1983-vertaling)**

### **Leef met God, en sy deugde sal in jou lewe skitter**

Toe Moses met die wet op kliptafels by die Israeliete kom, het sy gesig geblink. Daarmee wou die Here sê: wanneer 'n mens besondere kontak met Hom beleef soos Moses op die berg, is dit asof die heerlike glans van God op jou afstraal en jou verander.

Moses moes egter sy gesig met 'n sluier bedek wanneer hy met die volk praat. Elke keer as Moses hom tot die Here wend, is die sluier weggeneem. Hoekom die sluier? Niemand moes sien dat die glans by Moses vervaag nie. Die baie wette waaroor God met Moses gepraat het, verteenwoordig die ou bedeling – die tyd voor Christus se koms. Die glans van die ou bedeling was aan die verbygaan, om vir die glansryke verlossing deur Christus plek te maak.

Christus het egter alle sluiers weggeneem. Hy bring die nuwe wat nooit vervaag nie! Voluit kan sy glans nou op jou skitter. Wanneer jy werklik tot God nader soos Moses daar op die berg, en jy van aangesig tot aangesig met God en sy Woord leef, SAL JY VERANDER! Die glans van sy liefde, sy heiligheid en grootheid sal op jou leefwyse val sodat jy daarvan skitter – net soos die glans op Moses se gesig. Iets van Hom sal in jou skitter – en jy word meer en meer aan die Beeld van Christus gelyk.

As jy jou werklik tot die Here wend, met Hom leef, met Hom praat, bly jy nooit dieselfde nie – soos die aarde nie donker kan bly as die son se strale daarop val nie. Ons daade, ons woorde, ons gesindheid word dan die glans wat ook op almal om ons skyn. En wie deur die krag van die Gees bly groei en verander na die Beeld van Christus – die glans wat van jou uitstraal, sal bly toeneem.

Sing: Psalm 145:4, 6, 7

Ds HJ (Hennie) Briel (Petrusburg en Boshof)